

Sondag 11 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 11:15-19

Fokusgedeelte: Openbaring 11:15-19

Wie is op die troon?

Voordat die bose finaal vernietig gaan word, gaan hulle met 'n groot aanslag teen die Here en sy kerk kom. Goddeloosheid sal aan die orde van die dag wees, die kerk sal stilgemaak word en die gelowiges uitgelag. En dan sal Jesus kom en die vyand van God en sy kerk sal besef dat hulle hul tyd verspeel het.

Met die blaas van die sewende trompet word alle twyfel uit die weg geruim oor Wie Koning is. Harde stemme het uit die hemel aangekondig dat die Koningskap waarlik aan die Here van die kerk en sy Gesalfde behoort. Toe Satan aan Jesus al die koninkryke beloof het as Hy voor hom buig, het hy gelieg (Matt. 4:1 ev). God het nie met die sondeval sy Koninkryk aan Satan gegee nie.

En daarom kon die kerk (die 24 ouderlinge) aan die Alomteenwoordige God al die dank bring dat Hy sy belofte nagekom het wat Hy met 'n eed beloof het en met 'n verbond aan hulle bevestig het. En met hierdie vertroostende boodskap kan die kerk, die Bruid, ons Bruidegom inwag. Ons kan Hom vreesloos uitnooi: "Kom Here Jesus, kom gou." Ons mag nie die bose vrees nie en ons hoef nie God se oordeel te vrees nie, want ons is vrygespreek.

As u weer bang en moedeloos is, paniekerig raak oor die twyfel wat ook nou in die kerk leef, oor moet ek ingeënt word of nie, verkoop ek nie my siel nie, sien dan vers 19 in jou geestesoog gebeur. Die deure van God se hemelse tempel het oopgegaan. God verwelkom sy Bruid in die hemelse tempel. En binne-in die tempel is die Verbondsark wat van die vroegste tye die simbool was van God se teenwoordigheid by sy volk. En weet, die bose is magteloos. God regeer en Hy is op pad. Amen.

Sing: Skrifberyming 18-1:1, 4

Ds. A Venter (Attie) (Pretoria-Annlin)